## KORT EN KRAGTIG, MET BAIE WOEMA
### Jonathan Amid
### 9 Oktober 2023

Min jeugromanskrywers klim in die kop van tieners en verstaan hul leefwêreld en manier van dink soos Fanie Viljoen.

Hy vind die nommerpaswyse om treffende, gereeld onthutsende verhale te verpak. Die regte storie, die regte baadjie.

*Krag* is inderdaad kort en kragtig, kordaat en vol wip. Viljoen het nog altyd baie visueel geskryf. Deesdae is dit geen verrassing om sy grafiese romans met die verwagte trefkrag en visuele impak te geniet nie.

*Krag* is 'n jeugroman tot op die been gesny van vet. Viljoen zoem in op sy hoofkarakter, Alden Valentyn.

Alden, nog op skool en deur sy oorlede oupa Thomas “Smartie” gedoop omdat hy nogal 'n kop op sy skouers het, wil ook graag iemand wees. Ook *main character energy* hê; die mooiste en gewildste meisies soos Kaylen Julies se oog vang.

Sy suster Varnia en vriend Waldo weet hy's allesbehalwe 'n spiertier. Die res van die skool neem nie juis notisie nie. Dan maak Alden die fout om sy hemp uit te trek vir foto's wat hy op Instagram plaas.

Die vernedering is bitter groot: Sal 'n ongure karakter soos die *juicehead* Bul hom kan help om 'n nuwe liggaam en identiteit in die gym te bou en dan daar buite uit te leef? En hoe ver sal Alden gaan om sy geheime te hou?

Blitsige brokkies, fyn afgewerk en met heelwat subteks, dien as hoofstukke en is elk genommer. Die teks word aangevul en versterk deur 'n verskeidenheid indrukwekkende sketse, teks wat in swart uitgesonder word en uitstaan en Alden se deurlopende gedagtestroom wat alles so onmiddellik en "rou" moontlik laat voel.

*Krag* is by uitstek 'n wekroep oor die gevare van obsessie in welke vorm, veral met die gebruik van steroïede in liggaamsbou, maar Viljoen maak nie die proteïenskommel te dik aan nie.

Hierdie prosa-naald prik behoorlik!

**VRAE:**

1. Wie is die skrywer van die jeugroman Krag? (1)
2. Wie is die hoofkarakter in Krag? (1)
3. Watter bynaam het die hoofkarakter se oupa vir hom gegee? Hoekom? (2)
4. Watter sosialemediaplatform gebruik hy om foto's van homself te plaas? (1)
5. Wat gebeur nadat die hoofkarakter sy hemp uitgetrek het vir die foto's? (1)
6. Wat wil die hoofkarakter hê in terme van sy identiteit en voorkoms? (2)
7. Wat is Bul se rol in die hoofkarakter se lewe? (1)
8. Watter gevaar word in die roman gepak? (1)
9. Op watter manier word die woordteks verder versterk? (1)
10. Gee een woord wat beskryf watter gevoel oorgedra word met die hoofkarakter se deurlopende gedagtestroom. (1)
11. Wat simboliseer die "proteïenskommel" in die resensie? (1)

12. Wat maak *Krag* ’n unieke jeugroman volgens die resensent? (1)

13. Sal jy die boek wil lees nadat jy na die resensie geluister het? Motiveer jou antwoord. (1)

**Totaal: 15**

# ANTWOORDE

**LUISTERBEGRIP**

1. Fanie Viljoen is die skrywer van die jeugroman *Krag*. (1)
2. Alden Valentyn (1)
3. Sy oupa het hom "Smartie" genoem. Hy het gedink Alden is slim / het 'n kop op sy skouers. (2)
4. Hy gebruik Instagram om foto's van homself te plaas. (1)
5. Hy ervaar vernedering nadat hy sy hemp uitgetrek het vir die foto's. (1)
6. Hy wil iemand wees en wil main character energy hê. (2)
7. Bul help Alden om sy liggaam en identiteit te bou deur die gym. (1)
8. Die gebruik van steroïede in liggaamsbou. (1)
9. Die teks word versterk deur sketse en teks wat in swart uitgesonder word. (1)
10. "rou" (1)

1 Die proteïenskommel simboliseer die stereotipiese elemente van liggaamsbou in die storie. (1)

12. Dit is kort, kragtig, visueel en treffend. (1)
13. Ja/Nee. Motivering verdien die punt. (1)